Ges. 62:1, 3.
Ges. 71:1, 2, 6.
Ges. 12:4, 5.
~~12:62~~:

Verantwoorde Rentmeesterskap S 42 | Ank. 16.12.62

Efese 4:17-32

Efese 4:28 - Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.

Jy mag nie steel nie. So lui die 8ste gebod. En as ons dit nou noem dan sal daar dié wees wat dadelik sê: maar dis so duidelik soos daglig. Waarom nog daaroor preek? Ons weet mos almal wat steel is! - Totdat ons 'n bietjie dieper ingaan op wat alles in die verbod en, veral in die gebod ingesluit is en dan in verbasing uit te roep: Mnr. ek het nooit besef dat dit alles ingesluit is in die 8ste gebod nie!

Ander weer sal vra: Ag, mnr. is dit nou nodig om oor hd. dinge te preek? Is die Evangelie dan nie daar om mense se siele te red nie? Is dit nie 'n terrein waar d. Kerk niks te sê het nie - die v.d. handel & arbeid, lone en werksure, beleggings & dividende, banke en bouverenigingsmaatskappye en rentekoerse: wat het d. Kerk & d. Bybel nou eintlik daarmee te make?

Dis net hier waar ifd verlede al soveel ellende en smart vir d. mens uit gebore is omdat hy sy godsdiens wou beperk tot d. siel en d. Sondag en geweier het om te verstaan dat Christus Here is en wil wees op al d. terreine v.d. mens se lewe! Ook Here v.d. bankrekening & d. besigheid, die effektebeurs en d. handel, die loon & d. arbeid, die direksievergaderinge en die dividende! En sodra ons Hom daar wil uitban of uithou, dan stort daardie dinge ineen of hulle word besoedel deur oneerlikheid, valsheid, knoeiery en bedrog!

Dit het ons Kerkvaders in S. 42 v.d. H.k. baie duidelik gesien toe hulle daarop gewys het dat ons hier 'n verbod (vr. 110) sowel as gebod (vr. 111) het

I Wat God Verbied: (hus ons d. antwd) Dit gaan hier om d. sonde wat gebore word uit ons verkeerde siening v. aardse besittings: dat d. mens d. eienaar is ipv. God, en dat d. mens besitter is ipv. rentmeester. In da sonde lê op 3 terreine:

a) Verkryging (Bekom) b) Besitting c) Besteding

a) Verkryging (Verkeerde): Ons H.K. waarsku ons dat in d. verkryging van eiendom daar veral 2 maniere is waarop ons diefstal kan pleeg: ① wan ons direk en openlik d. landswet oortree wat seek om d. eiendom v. ons naaste te beskerm ② wan ons op allerlei bedekte maniere, (L.W. „met geweld of skyn van reg" dws. lis en valsheid) wat nie altyd deur d. landswet uitgeskuit kan word wat nie aan ons behoort nie. As u wil nie, neem wat nie aan ons behoort nie. As u wil meet hoe nodig dit is dat hd. gebod Sondag na Sondag gehoor moet word, slaan dan u koerante oop en kyk na d. groot aantal sake v. diefstal, bedrog, en kyk na d. swaarwegende sente v. talle oneerlikheid wat in d. swaarwegende sente v. talle mense uitgetrek word! Dink mr. a.d. handels- en besigheidsmoraal wat in swang is by duisende wat sonder blik of bloos vir jou sê (of deur hulle optrede duidelik bewys): „Niemand wat eerlik handel dryf kan bestaan nie" en: „Wat nie verbied is, dit is veroorloof". Of: „Elkeen leef in hd. wêreld vir homself" „Wat ander nie ontdek is nie verkeerd"

Mr. laat ons nie vergeet nie dat daar talle van vorms v. oneerlikhede v diefstal is wat nêrens deur d. wet verbied word nie. Mr. wat deur God en deur u gewete aangespreek word. Dink mr. a.d. skepte xt. gewete aangespreek word. Dink mr. a.d. volgende: die tyd wat ek steel van my werkgewer, die halwe werk wat ek doen as ek beter werk kan doen - en wat ander dan weer moet oordoen! Of d. skuld wat ek te lui is om of d. skuld lyf wegsteek omdat ek te lui is om verantwoordelikheid of leierskap te aanvaar!

b) Verkeerde Besitting: Die H.K. noem dit „gierigheid". Nou moet ons goed verstaan: iemand kan iets eerlik verkry het en tog dit verkeerd besit!

Dis juis d. sonde v.d. gierigaard – hy besit d. dinge ver-keerd want hy maak of dit aan hom behoort terwyl alles aan God behoort! En as ek my geld en goed net of hoofs. vir myself bestee: my garaj. my strand-huis of tuin. my sportsmotor, my partytjies, my oorseese reise – **dan besteel ek God!**

Mr. as u nou sou vra: Mr. hoe moet ek handel? wat moet my maatstaf wees? Dan antwoord Gods Wd baie duidelik: Eers gee a.d. Here vir **sy saak, sy koninkryk**, vir armes in hulle nood – en dan wat oorbly vir ons "afsonder" (Nie vir God afsonder!) Mr. dan **vrywillig**, **blymoedig**, uit liefde en dank-baarhd! Dis d. beste medisyne teen alle gierigheid – Gee eers aan God sy deel! (Dan ook geen tekorte – geen stunts uithaal!)

c) **Verkeerd Bestee:** Die H.K. noem dit verkwis!

II Wat God gebied: (Lees v. 111) Dis die positiewe — die groot grondbeginsels vd. wet wat alle

(1) Dat ek die belange van my naaste, waar ek kan en mag, moet bevorder:

(2) So handel soos ek sou wens dat die mense met my moet handel

(3) Getrou moet arbei, sodat ek die behoeftiges kan help